Suid-Afrika

Algemene bepalings en voorwaardes

TomTom International B.V.

De Ruyter Kade 154 1011 AC Amsterdam, Nederland, en enige affiliate (tesame, "TomTom")

Inhoud

1 Omvang 3

2 U bestelling direk vanaf TomTom 3

2.1 Hoe om 'n bestelling te plaas 3

2.2 Pryse en betaling 3

2.3 Aflewering en risiko van verlies 4

3 U kansellasieregte ten opsigte van bestellings 5

4 U Rekening en inskrywing 5

4.1 U Rekening: Registrasie en bestuur 5

4.2 Inskrywings 6

4.3 Beëindiging van u Rekening en / of u inskrywings 6

5 U gebruik 7

5.1 U gebruiksregte 7

5.1.1 Dienste en Programme 7

5.1.2 TomTom Inhoud 7

5.1.3 Gebruikersinhoud en Gebruikersdata 8

5.2 U eie verantwoordelikhede en verpligtinge 8

5.2.1 U eienaarskap van Gebruikersinhoud en Gebruikersdata 8

5.2.2 Beperking om Produkte, Dienste en Programme te verander 9

5.2.3 Verslagdoening en weerhouding van misbruik 9

5.2.4 Gebruikersinteraksie vrywaring 11

5.2.5 Fisiese aktiwiteitskennisgewing vrywaring 11

5.3 TomTom se regte 11

5.3.1 Kommunikasie en inligting 11

5.3.2 Beëindiging en veranderinge 11

5.3.3 Gebruikersinhoud en Gebruikersdata 12
6 Beëindiging en beperkings in die geval van kontrakbreuk deur u 12
7 Beperkte waarborg met betrekking tot u Produk 13
7.1 Beperkte waarborg 13
7.2 Wat hierdie beperkte waarborg nie dek nie 13
7.3 Hoe om 'n waarborg-eis in te stel 14
8 Beperkte waarborg met betrekking tot Dienste, Programme, Gebruikersinhoud en derde party materiaal. 14
9 Beperking van aanspreeklikheid en vrywaring DEUR U 15
9.1 7) BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID: 15
9.2 Vrywaring 16
10 Derde Party Materiaal en derde party webtuistes 16
11 Force Majeure 16
12 Privaatheid 17
13 Derde party regte 17
14 Veranderinge 17
15 Volledige ooreenkoms 17
16 Oorlewing 18
17 Skeiding 18
18 Wetgewing en bevoegde hof 18
19 Vertalings 18
20 Vrae en klagtes 19
21 Definisies 19

1 Omvang

Die volgende Bepalings en Voorwaardes geld:

i. vir enige bestelling van, aankoop of enige vorm van verkryging:
   - Produkte en Dienste direk vanaf TomTom; en
   - Programme via 'n herverkoper; en

ii. vir u Rekening en die skepping daarvan; of

iii. vir die gebruik en/of toegang tot:
   - alle Produkte, Dienste, Programme en Verbruikersinhoud; en
   - Ingeboude Toestelle, behalwe in die geval waar die bepalings en voorwaardes van die herverkoper of derde party vervaardiger van sodanige Ingeboude Toestelle geld; en

iv. vir die oplaai, gebruik en/of toegang van u Gebruikersdata

Deur (i) die indiending van 'n bestelling vir, aankoop van, of enige vorm van die verkryging van 'n Produk, Diens of Program, en deur die (ii) gebruik, en/of toegang tot enige Platform, Diens of Program en (iii) die skep van 'n Rekening, u tot hierdie hierdie Bepalings en Voorwaardes en enige wysigings en toevoegings daartoe, verbind is en dit as sodanig aanvaar.

Die lys van definisies wat in hierdie Bepalings en Voorwaardes gebruik is, kan aan die einde van hierdie dokument gevind word.

2 U bestelling direk vanaf TomTom

2.1 Hoe om 'n bestelling te plaas

TomTom bied Produkte en Dienste via TomTom se Webtuistes, Platforms en Programme. Hierdie Produkte en Dienste mag TomTom Inhoud en Derde Party Materiaal bevat of daaruit bestaan.

Wanneer u 'n bestelling wil plaas, of 'n Produk of Diens direk vanaf TomTom af wil aankoop of verkry, kan u 'n bestelling plaas via 'n Platform, 'n TomTom Webtuiste of 'n Program.

Enige bestelling wat geplaas word, is onderhewig aan aanvaarding deur TomTom. 'n Ooreenkoms word gesluit deur die aanvaarding van TomTom deur middel van 'n bevestiging van die bestelling. TomTom behou die reg voor om enige bestelling ten volle, of deels, te verwerp, of om a maksimum bestellingsbedrag van toepassing te maak. Alle bestellings van Produkte is onderhewig aan die beskikbaarheid van voorraad.

2.2 Pryse en betaling

Sommige Produkte en Dienste is onderhewig aan betaling. Pryse aangedui vir Produkte en / of Dienste op die TomTom Webtuistes en TomTomProgram sluit BTW en standaard verskepingskoste asook hanteringskoste in (indien enige). U is

verantwoordelik vir enige plaaslike verkoopbelastings, ander belastings en regeringsheffings, indien enige, wat verband hou met die bestelling. Pryse is onderhewig aan verandering op enige tyd (en onderworpe aan die klousule "Beëindiging en Verandering" in die afdeling "TomTom se Regte" in die hoofstuk "U Gebruik" van hierdie Bepalings en Voorwaardes), maar sal nie bestellings vir Produkte of Dienste beïnvloed wat voor die datum van die verandering geplaas is nie.

Sommige Dienste word gratis aangebied. TomTom behou die reg voor om hierdie aanbod van gratis Dienste enige tyd te onttrek of te staak. TomTom sal u in kennis stel of, en wanneer, 'n Diens teen 'n fooi aangebied sal word in die toekoms. In sodanige geval, mag u kies om OF voort te gaan om die Diens te gebruik teen betaling van 'n fooi, OF om u gebruik van die Diens te beëindig.

Alle bestellings moet betaal word deur gebruik te maak van die betalingsdiens soos deur TomTom beskikbaar gestel aan u. Ten einde bestellings te plaas en van sodanige betalingsdiens gebruik te maak, moet u alle besonderhede van u gewenste betalingsmetode, faktuur- en verskepingsadres (indien van toepassing) verskaf en/of enige ander besonderhede wat nodig sou wees om die bestelling te voltooi.

Indien, vir welke rede ookal, hierdie betalingsmetode sou faal, sal TomTom vir u 'n faktuur stuur vir die betaalbare bedrag, wat dan betaal moet word deur middel van 'n tjek, posorder of kredietkaart binne 15 dae vanaf die datum wat op die faktuur verskyn.

2.3 Aflewering en risiko van verlies

TomTom stel homself ten doel om die Produk binne 30 dae vanaf die aanvaarding van die bestelling, af te lewer. Indien meer as een Produk bestel word, behou TomTom die reg voor om elke Produk apart af te lewer. Verder stel TomTom hom dit ten doel om Dienste beskikbaar te maak binne 24 uur vanaf die aanvaarding van die bestelling.

'n Produk sal afgelewer word by u afleweringsadres. 'n Diens sal elektronies afgelaai kan word, of afgelewer word en/of elektronies aan u beskikbaar gestel word. Die risiko van verlies of skade aan 'n Produk sal u verantwoordelikheid word sodra die Produk afgelewer is. Die risiko van verlies of skade aan 'n Diens sal u verantwoordelikheid word sodra die Diens OF aan u gelewer is, OF elektronies aan u beskikbaar gestel is.

Indien u nie tuis is wanneer die Produk afgelewer word nie, behou TomTom hom die reg voor om u verantwoordelik te hou vir die betaling van redelike stoorkoste van die Produk totdat aflewering gedoen kan word.

Indien aflewering aan u sou faal vir enige rede buite TomTom se beheer, behou TomTom hom die reg voor om die ooreenkoms te kanselleer en enige gelde wat reeds betaal is, terug te betaal.

Indien TomTom per abuis 'n Produk aan u aflewer of per abuis 'n Diens aan u lewer of beskikbaar stel, kontak TomTom asseblief om verdere terugversendings-instruksies te verkry deur e-pos(http://www.tomtom.com/support).

3 U kansellasieregte ten opsigte van bestellings

Vir Produkte wat aangekoop is van TomTom, het u die reg om die aankoop te kanselleer vir enige rede binne 'n periode van 14 dae vanaf die afleweringsdatum by u afleweringsadres. TomTom sal die koopprys en oorspronklike verskepingskostes wat betaal is (met die uitsondering van enige addisionele koste wat as gevolg van sy keuse van 'n tipe aflewering anders is as die goedkoopste standaard afleweringsmetode wat deur ons aangebied word, of waar meer as een Produk bestel is en nie alle Produkte aan ons teruggestuur is nie). TomTom sal sodanige terugbetalings doen deur gebruik te maak van dieselfe wyse van betaling wat u gebruik het vir die aanvanklike transaksie, behalwe waar ons uitdruklik anders ooreengekom het.

Om u kansellasiereg uit te oefen, moet u TomTom rakende u besluit inlig deur hulle te kontak binne 14 dae na die aflewering deur e-pos http://www.tomtom.com/supportom sodoende 'n magtigingsnommer te verkry vir die terugversending van u bestelling. U mag gebruik maak van die Onttrekkingsvorm [www.tomtom.com/support]. Hierna moet u die Produk sonder enige versuim aan TomTom terugbesorg, vry van enige belange, retensieregte, liens of eise, aan die adres wat gemeld word op die posetiket wat u saam met die magtigingsnommer vir die terugversending van u bestelling ontvang het.

Indien u sou besluit om die koopkontrak te kanselleer en die Produk aan TomTom terug te besorg, sal u aanspreeklik wees vir enige vermindering in die waarde van die Produk, as gevolg van die hantering van die Produk ANDERS as wat noodsaaklik is om die aard, kenmerke en werking van die Produk te bevestig.

U aanvaar dat TomTom u aanspreeklik mag hou vir enige verskepings- of posonkostes wat direk voortspruit uit die terugsversending van die Produk.

Vir Dienste verkry van TomTom stem u in dat sulke Dienste onmiddellik in aanvang sal neem- of ten minste so spoedig moontlik - na TomTom se aanvaarding van u bestelling en dat u enige kansellasieregte verbeur sodra die Diens begin.

Vir Programme, verkry van TomTom of 'n Herverkoper, stem u in dat die werking van die Programme wat deur u verkry is onmiddellik in aanvang sal neem - of ten minste so spoedig moontlik - nadat u die Program elektronies afgelaai het en dat u enige kansellasieregte verbeur sodra die Program in werking kom.

4 U Rekening en inskrywing

4.1 U Rekening: Registrasie en bestuur

Daar mag van u verwag word om 'n Rekening te skep en daarna toegang te verkry tot die betrokke Platform (in the "log") om:

i. 'n Produk of Diens te bestel;
ii. Toegang te verkry tot 'n Diens, Program en/of ander Gebruikersinhoud (hetsy direk vanaf TomTom of 'n Herverkoper), en

iii. in staat te wees om Gebruikersinhoud en/of Gebruikersdata elektronies op of af te laai.

Nieteenstaande u reg om 'n skuilnaam ("alias" of "bynaam") te gebruik wanneer u 'n Rekening skep, stem u in om die korrekte inligting omtrent uself te verskaf wanneer u registreer. Hou u rekeninginligting assblief op datum en verander u rekeninginligting assblief indien enige relevante veranderinge plaasvind.

Dienste, Programme en Gebruikersinhoud is slegs bedoel vir gebruikers van agtien (18) jaar en ouer. U verklaar en waarborg dat u 18 jaar of ouer is. U mag nie 'n rekening as 'n ander individu, groep of entiteit skep sonder dat sodanige party se toestemming vooraf verkry is nie, of u profiel of Rekening verkoop of oordra nie.

U is verantwoordelik en aanspreeklik vir enige aktiwiteit wat op of deur u Rekening plaasvind. U is verantwoordelik vir u eie gebruiksnaam en aktiwiteite wat daarrmee verband hou. TomTom is nie verantwoordelik vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die ongemagtigde gebruik van u Rekening nie, met of sonder u kennis daarvan.

U moet TomTom onmiddelik in kennis stel in die geval waar u bewus word van enige ongemagtigde toegang of gebruik van Dienste, Programme, Gebruikersinhoud en/of Gebruikersdata deur derde partye op u Rekening , of enige ander moontlike sekuriteitsbreuk.

4.2 Inskrywings

'n Diens mag aangebied word op 'n eenmalige basis of op 'n inskrywingsbasis. Wanneer u 'n inskrywing het, sal die Diens of gereeld of deurlopend aan u gelewer word.

Inskrywings sal vir ‘n onbepaalde tydperk voortduur, tensy TomTom en u ooreengekom het op ‘n vasgestelde tydperk.

4.3 Beëindiging van u Rekening en / of u inskrywings

Indien u u Rekening en / of inskrywing sou wou beëindig, kan u dit doen deur TomTom via http://tomtom.com/support te kontak en die opsie “kontak ons” te kies – let asseblief op die kennisgewingstydperk van 30 dae.

TomTom kan ook u Rekening en / of inskrywing beëindig om neutrale redes (en nieteenstaande sy beëindigingsregte soos saamgevat in die hoofstuk: "Beëindiging en Beperkings in die geval van Kontrakbreuk deur U" van hierdie Bepalings en Voorwaardes). TomTom sal altyd probeer om u so spoedig as moontlik te laat weet van enige dreigende beëindiging, maar sal u in ieder geval ten minste 30 dae voor die werklike beëindiging van u Rekening in kennis stel.

In die geval van die beëindiging van u Rekening en / of inskrywing, moet u alle kopieë van die TomTom Inhoud en alle dele daarvan vernietig.

Na die beëindiging van u Rekening, sal u nie toegang hê tot enige data nie, insluitend u Gebruikersdata. Dit is u eie verantwoordelikheid om enige Gebruikersdata wat u sou wou hou, te verwyder voordat die beëindiging voltooi word.

Indien u inskrywing vir 'n vasgestelde tydperk is, sal dit outomaties beëindig word na die verstryking van sodanige tydperk.

5 U gebruik

5.1 U gebruiksregte

5.1.1 Dienste en Programme

TomTom verleen aan u toestemming tot toegang van Dienste en Programme wat direk van TomTom of ‘n Herverkoper verkry is, en om die Dienste en Programme te gebruik, in beide gevalle onderhewig aan hierdie Voorwaardes en Bepalings. In die geval waar ‘n Diens en/of Program aangekoop word, sal die toestemming tot die toegang en gebruik van hierdie (betaalde) Diens en/of Program , aan u toegestaan word nadat die aankoop voltooi is.

5.1.2 TomTom Inhoud

Dienste en Programme sal TomTom Inhoud bevat. ‘n Lisensie word aan u verskaf om die TomTom Inhoud te gebruik wat aan u verskaf is as deel van en/of via u Produk, Diens of Program, soos uiteengesit in die voorwaardes van hierdie klousule.

Hierdie lisensie is nie eksklusief of oordraagbaar nie. Hierdie lisensie sluit nie enige reg in om toekomstige opgraderings, bywerkings, aanvullings, of onderhoud of tegniese bystand van enige aard te verkry met betrekking tot die Diens, Program of TomTom Inhoud nie, tensy TomTom spesifiek aangedui het dat die verkryging daarrvan ‘n integrale deel van die Produk, Diens of Program is.

Indien opgraderings, bywerkings of aanvullings tot die Diens, Program of TomTom Inhoud verkry word, sal die gebruik daarvan onderhewig wees aan hierdie Bepalings en Voorwaardes, of sekere ander bepalings en voorwaardes, en moontlik ook aan bykomende betalings, waarvan u in kennis gestel sal word en versoek sal word om dit te aanvaar voordat TomTom u met die betrokke opgradering, bywerking of aanvulling sal voorsien.

Daarbenewens is die volgende van toepassing op TomTom Maps (een van TomTom se Dienste):

i. met betrekking tot die data vir China: u stem saam dat enige Diens wat data van China bevat, onderhewig mag wees aan bykomende bepalings en voorwaardes wat aan u verskaf sal word wanneer dit aan TomTom beskikbaar gestel word. Chinese data mag nie vanuit China uitgevoer word nie
ii. met betrekking tot die data vir Indië: u stem saam dat enige Diens wat data van Indië bevat, onderhewig mag wees aan bykomende bepalings en voorwaardes wat aan u verskaf sal word wanneer dit aan TomTom beskikbaar gestel word.

iii. met betrekking tot die data vir Suid-Korea: u stem saam dat enige diens wat data van Suid-Korea bevat, onderhewig mag wees aan bykomende bepalings en voorwaardes wat aan u verskaf sal word wanneer dit aan TomTom beskikbaar gestel word. Koreaanse data mag nie vanuit Suid-Korea uitgevoer word nie.

5.1.3 Gebruikersinhoud en Gebruikersdata

TomTom verleen aan u toestemming tot die (i) laai en gebruik van Gebruikersinhoud, en die (ii) laai, gebruik en verandering van Gebruikersdata, onderhewig aan hierdie Voorwaardes en bepalings.

Deur die oplaai van u Gebruikersinhoud, sal u al die regte behou wat u daarin mag hê, maar u verleen hiermee aan TomTom ‘n wêreldwyse, ewigdurende, onherroeplike, nie-eksklusiewe, opbetaalde, oordraagbare lisensie om sodanige gebruikersinhoud te gebruik, verander, versprei, sub-lisensieeer, om te keer, af te breek en te vertoon (met skakels ("links" of andersins) in enige vorm en deur enige media.

Indien u glo dat u werk onbehoorlik gekopieer en opgelaai is op Dienste, Programme of TomTom Webtuistes, in so ‘n mate dat dit ‘n skending is, voorsien ons asseblief van die volgende inligting: (i) naam, adres, telefoonnommer, e-pos-adres en ‘n elektroniese of fisiese handtekening van die kopieregeienaar of die persoon wat gemagtig is om op te tree namens hom/haar; (ii) ‘n beskrywing van die werk waarin kopiereg vestig wat u beweer geskend is; (iii) ‘n beskrywing van waar op die Dienste, Programme of TomTom Webtuistes die materiaal is wat u beskou as 'n skending van die werk; (iv) ‘n skriftelike verklaring dat u in goeie trou glo dat die omstrede gebruik nie gemagtig is deur die eienaar van die kopiereg, sy agent, of die reg nie; en (v) ‘n beedigde verklaring deur u, strafbaar indien dit nie waar is nie, dat die bostaande inligting volgens u wete korrek en waar is en dat u die eienaar van die kopiereg is of gemagtig is om op te tree namens die persoon aan wie die kopiereg behoort. Hierdie vereistes moet nagekom word om aan TomTom wetlik voldoende kennis te gee van die oortreding. Stuur kopiereg-oortredingsklagtes aan: illegalproduct@tomtom.com.

Met betrekking tot die Gebruikersinhoud van ander gebruikers, verleen TomTom aan u die reg om om sodanige Gebruikersinhoud te gebruik, te verander en op te laai in ooreenstemming met hierdie Voorwaardes en Bepalings

Deur hierdie Gebruikersinhoud op te laai, sal u alle regte behou wat u daarin mag hê.

5.2 U eie verantwoordelikhede en verpligtinge

5.2.1 U eienaarskap van Gebruikersinhoud en Gebruikersdata

TomTom eis nie enige eienaarskap van die Gebruikersinhoud of Gebruikersdata nie. U bevestig en waarborg dat u die nodige lisensies, regte, en toestemming besit om die Gebruikersinhoud en Gebruikersdata te laai, en om aan TomTom al die regte te verleen soos saamgevat is in hierdie Bepalings en Voorwaardes, insluitend die reg om ander gebruikers van hierdie Dienste, Programme en TomTom Webtuistes

toestemming te gee om u Gebruikersinhoud te gebruik, te verander en op te laai in ooreenstemming met die Voorwaardes en Bepalings.

5.2.2 Beperking om Produkte, Dienste en Programme te verander

Anders as wat toegelaat word deur die toepaslike wetgewing of soos uitdruklik toegelaat deur enige tegnologie of manier van beskikbaarstelling deur TomTom via die Produkte, Dienste en Programme, sal u nie, en sal u geen persoon toelaat, om die Produkte, Dienste of Programme, of enige deel daarvan (wat direk vanaf TomTom of vanaf ‘n Herverkoper verkry is) te verander of te moderniser nie; om dit te ontleed deur middel van omgekeerde ingenieurswese, om die Produkte, Dienste en Programme uit mekaar te haal of af te breek nie, om ander produkte te maak deur van die dele gebruik te maak nie, of om inkripsie te breek of te omseil of om enige derde partye toe te laat om dit te doen nie.

5.2.3 Verslagdoening en weerhouding van misbruik

Neem asseblief kennis dat TomTom geen verantwoordelikheid aanvaar vir die gereelde monitering van enige van die Dienste, Programme en Gebruikersinhoud nie. Indien u bewus raak van enige misbruik van of op die Dienste, Programme of Gebruikersinhoud deur enige gebruiker, rapporteer asseblief sodanige misbruik aan TomTom deur TomTom-ondersteuningsdienste te kontak via http://www.tomtom.com/support.

Deur die gebruik van Dienste en Programme en deur die oplaai of gebruik van Gebruikersinhoud of Gebruikersdata, stem u in om u te weerhou van enige onbehoorlike gedrag wat insluit, maar nie beperk is nie, tot die volgende:

i. Promosie-gebruik en -betalings: Die gebruik van Dienste en Programme en/of Gebruikersinhoud of Gebruikersdata vir advertensies, promosiedoeleindes, bemarking en/of ander verkoopsdoeleindes, of die stuur van enige ander kommersiële inhoud hoegenaamd via die Dienste en Programme. Daarbenewens stem u ook in om u te weerhou daarvan om direk of indirek betaling van enige derde party te vorder vir die gebruik van die Dienste en Programme en/of Gebruikersinhoud, of om enige betaling van ‘n derde party te ontvang vir hierdie doel. U stem verder in om u te weerhou van die raam ("framing") of weerspieeling ("mirroring") van enige Dienste, Programme of Gebruikersinhoud;
ii. Elektroniese wangedrag: Die doen van enige stappe op die Dienste en Programme wat ontwerp is om die funksionaliteit van enige sagteware of hardeware, telekommunikasie-toerusting, (sekuriteit), tegnologie, Dienste en Programme te beperk, te omseil, te ontwrig, om ver te gooi, skade aan te doen, af te skakel, onwerkbaar te maak, of te oorlaai. U stem in om nie enige Gebruikersinhoud of Gebruikersdata wat sagtewarevirusse, programme of ander rekenaarkodes bevat, te pos nie. Verder stem u in om nie Gebruikersinhoud of Gebruikersdata te laai wat die stuur of beskikbaarmaking sou behels van enige materiaal wat virusse, Trojaanse perde, wurms, tydbomme, of enige ander soortgelyke sagteware bevat, wat die werking van TomTom se bedieners ("servers"), rekenaars of netwerke, of ‘n gebruiker se

Rekening, rekenaars, netwerke of Produkte sou kon beskadig nie. Daarbenewens stem u ook in om u te weerhou van die gebruik of die bekendstelling van enige outomatiese stelsel, insluitend maar nie beperk nie tot “robotte” en “spinnekoppe” wat toegang verkry tot Dienste en Programme op sodanige manier dat dit meer boodskappe of versoeke aan TomTom se bedieners ("servers") stuur, as die gereelde, private gebruik van Dienste en Programme wat redelikerwys verwag kan word in 'n soortgelyke tydperk deur die gebruik van ‘n konvensionele stelsel. Daarbenewens stem u ook in om u te weerhou daarvan om toegang te probeer verkry tot ‘n ander gebruiker se Rekening, rekenaars of netwerke, of ‘n ander gebruiker se Rekening, rekenaars of netwerke te ontwrig sonder magtiging;

iii. Gemorspos of teistering: die stuur van enige Gebruikersinhoud wat die oordrag van “pespos” (“junk mail”), “kettingbriewe” of ongevraagde massa-pos of gemorspos (“spam”) insluit;

iv. Die implisering van betrokkenheid by TomTom: om Gebruikersinhoud op so ‘n wyse te vertoon dat dit n verhouding of affiliasie met TomTom, of n borgskap of onderskrywing van die Gebruikersinhoud deur TomTom, impliseer, of wat wat misleidend, beledigend, ontwettig, skadelik, verdraaid, minagtend, lasterlik, obseen, vulger, diskriminerend, of haatlik is, wat inbreuk maak op enige derde party regte, wat andersins onwettig is, of wat TomTom se intellektuele goedereregbelemmer of skend;

v. Misleiding: die oplaai van Gebruikersinhoud wat inligting bevat wat u weet vals of misleidend is;

vi. Die benadeling, skending van wette of regte van andere: die plaas van enige Gebruikersinhoud wat inbreuk maak op enigiemand anders se regte, insluitend kopiereg, handelsmerke, patente, handelsgeheime, privaatheid, publisiteit, grondwetlike regte of enige ander persoonlike of eiendomsregte. Bykomend stem u daartoe in om nie enige Gebruikersinhoud te plaas, enige aksie te neem, of Dienste en Programme op sodanige manier te gebruik dat dit enige wet oortree of onwettige aktiwiteite bevorder nie. Verder stem u in om nie inhoud direk of deur ‘n skakel ("link") te plaas, wat onwettig, lasterlik, inbreukmakend, opruiend, misleidend, onakkuraat, kwaadwillig, minagtend, kwaadwillig, bedrieglik, vals, onsedelik, skadelik, teisterend, intimiderend, dreigend, haatlik, beledigend, vulger, obseen, pornografies, gewelddadig, seksueel eksplisiet, indring op privaatheid, publisiteit, intellektuele goedere, eiendoms- of kontraktuele regte, aanstootlik in ‘n seksuele, rasse-, kulturele, of etniese konteks is of andersins ongrondwetlik is nie, of andere sal benadeel of hul veiligheid sal bedreig deur die gebruik en plasing van persoonlike inligting (insluitend telefoonnommers, huisadresse of e-posadresse, name of vanne), fotos of ander beelde ("images") van of met betrekking tot ander gebruikers of derde partye sonder hul spesifieke toestemming nie, of enigiets wat andersins verwerplik is nie;

vii. Die insameling of publisering van data: wees asseblief bewus van watter persoonlike inligting u deel. U sal u weerhou van die verkryging, of poging tot verkryging, van data deur enige Dienste, Programme of Gebruikersinhoud behalwe wanneer TomTom van plan is om sodanige data te verskaf of dit aan u beskikbaar te stel. Verder stem u in om nie enige Gebruikersinhoud wat toegangsbeperkte, slegs-wagwoord-bladsye of verborge bladsye of beelde ("images") te laai nie;

viii. Enige ander onwettige of ongewenste gebruik: die gebruik van Dienste, Programme en Gebruikersinhoud op ‘n onwettige manier of in die oortreding van enige van hierdie Bepalings en Voorwaardes. Daarbenewens stem u ook in om u daarvan te weerhou om enige gedragskode of ander riglyne wat van toepassing is op Dienste, Programme en/of Gebruikersinhoud, te oortree.

5.2.4 Gebruikersinteraksie vrywaring

U alleenlik is verantwoordelik vir u interaksies met ander mense, hetsy aanlyn of in persoon. TomTom is nie verantwoordelik of aanspreeklik vir enige verlies of skade wat voortspruit uit enige interaksie met ander gebruikers nie, persone wat u ontmoet het deur die Dienste of Programme, of persone wat u opgespoor het as gevolg van enige inligting wat u gelaai het op of deur die Dienste of Programme nie. U stem in om redelike voorsorgmaatreëls te tref in alle interaksies met ander gebruikers van Dienste en Programme en om die nodige ondersoek in te stel alvorens u iemand ontmoet. TomTom is onder geen verpligting om betrokke te raak by enige gebruikersgeskil nie, maar mag dit wel doen na gelang van sy eie diskresie.

5.2.5 Fisiese aktiwiteitskennisgewing vrywaring

Dienste en Programme mag eienskappe insluit wat fisiese aktiwiteit bevorder. Oorweeg die betrokke risiko's en raadpleeg u geneesheer alvorens u deelneem aan enige fisiese aktiwiteit of die gebruik van die Produkte of TomTom Dienste. TomTom is nie verantwoordelik en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige beserings of skade wat u mag opdoen as gevolg van u gebruik van, of u onvermoë om die Produkte, Dienste of Programme te gebruik nie.

5.3 TomTom se regte

5.3.1 Kommunikasie en inligting

Deur ‘n Rekening te skep, stem u daartoe in dat TomTom elektronies met u mag kommunikeer en dat sekere inligting rondom u gebruik van Dienste en Programme, Gebruikersinhoud en/of – data, met ons gedeel mag word.

5.3.2 Beëindiging en veranderinge

TomTom behou die reg voor, met of sonder kennisgewing, om Dienste, Programme en Gebruikersinhoud wat aan u gelewer is of aan u beskikbaar gestel is deur die gebruik van Produkte, Dienste en Programme (hetsy direk vanaf TomTom verkry of vanaf ‘n Herverkoper), te staak, te beperk, te verander, op te dateer, op te gradeer of aan te vul, tensy die verskaffing van sodanige opdaterings, opgraderings of aanvullings ‘n integrale deel vorm van die Produkte, Dienste en Programme, soos aangedui deur TomTom ten tyde van die verkoop daarvan.

TomTom behou die reg voor om pryse vir Dienste (hetsy op enkelbasis of inskrywingsbasis) en Programme te verander, onderhewig aan redelike kennis vooraf (hetsy deur middel van e-pos, TomTom Webtuistes, Dienste, Programme of andersins). Indien so ‘n verandering sal lei tot hoër pryse of op enige ander manier tot u nadeel mag strek (maar nie in die geval van hoër pryse as gevolg van hoër regeringsheffings of –belastings nie), mag u u inskrywing beëindig voor of op die

datum waarop sodanige verandering in werking gestel word, deur die stuur van ‘n e-pos na http://www.tomtom.com/support.

5.3.3 Gebruikersinhoud en Gebruikersdata

TomTom mag, in eie diskresie, gebruikerstatistiek met betrekking tot die Gebruikersinhoud en Gebruikersdata insamel en verwerk om sy Produkte, Dienste en/of Programme te verbeter, onderhewig daaraan dat TomTom die nodige toestemming van u verkry het en solank die statistiek nie aan u gekoppel kan word deur enige derde party nie.

Met betrekking tot die Gebruikersinhoud, verleen u hiermee aan TomTom die reg om toestemming te verleen aan ander gebruikers om enige Gebruikersinhoud wat u deur die Dienste en Programme mag laai, te gebruik, te verander, en te laai, in ooreenstemming met die Voorwaardes en Bepalings.

TomTom mag sodanige inligting gebruik soos dit goeddink, op enige plek in die wêreld, sonder die verpligting van vergoeding, en vry van morele regte, intellektuele goedereregte en/of ander eiendomsregte in of op sodanige inligting.

Wanneer TomTom in kennis gestel word dat enige Gebruikersinhoud enige deel van hierdie Bepalings en Voorwaardes mag skend, of inbreuk mag maak op enige ander derde party se regte, mag TomTom sodanige Gebruikersinhoud sonder vooraf kennisgewing verwyder. TomTom mag u toegang tot, en gebruik van Dienste en Programme vir die laai van sodanige Gebruikersinhoud, beëindig.

Met betrekking tot Gebruikersdata, in die geval waar u sodanighe data laai, stem u daartoe in en verleen u aan TomTom ‘n wêreldwye, ewigdurende, onherroeplike, opbetaalde lisensie om sodanige Gebruikersdata te gebruik en te kopieer vir sy eie gebruik – sonder om die Gebruikersdata sonder u toestemming aan enige derde party te wys – en u verleen verder toestemming tot die oordrag van u persoonlike inligting (indien enige) buite die grense van Suid-Afrika, in so verre hierdie gebruik noodsaaklik is vir TomTom om u te voorsien van die Produk wat bestel is, en/of die Diens wat versoek is.

6 Beëindiging en beperkings in die geval van kontrakbreuk deur u

TomTom behou die reg voor in sy uitsluitlike diskresie sonder benadeing van enige ander regte, om onmiddellik – sonder dat kennisgewing van verstek verlang word en sonder aanspreeklikheid teenoor u of enigiemand anders – u Rekening en/of u inskrywing, te beëindig, u profiel en enige van u Gebruikersinhoud en/of Gebruikersdata te verwyder en om u gebruik van al die, of enige deel van u Rekening, Dienste en Programme te beperk indien (i) u versuim om te voldoen aan hierdie Bepalings en Voorwaardes of indien u enige wesenlike bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes verbreek, of (ii) die betaling vir u Dienste en/of inskrywings vir ‘n tweede keer onsuksesvol is.

In so 'n geval, moet u alle kopieë van die TomTom Inhoud en al die dele daarvan terugbesorg of vernietig.

Na die beëindiging, sal lisensies en regte soos aan u verskaf deur TomTom, tegelykertyd beëindig word.

7 Beperkte waarborg met betrekking tot u Produk

7.1 Beperkte waarborg

TomTom bied ‘n beperkte waarborg dat die Produk (hetsy direk van TomTom of ‘n Herverkoper verkry) vry sal wees van gebreke in vakmanskap en materiaal gedurende normale gebruik vir ‘n periode van 2 jaar vanaf die datum dat die Produk gekoop is, of vanaf die datum van aankoop tot sodanige datum wat u enige van hierdie Bepalings en Voorwaardes verbreek, watter een van die twee ookal die kortste tydperk is. Gedurende hierdie tydperk sal die Produk (volgens die uitsluitlike diskresie van Tom-Tom) hetsy herstel of vervang word deur TomTom sonder enige koste vir u rekening vir onderdele of arbeid. Daarbenewens sal TomTom verantwoordelik wees vir die vervoer en/of versendingskoste met betrekking tot die herstel of vervanging. Indien die Produk herstel word nadat hierdie tydperk verstryk het, sal die tydperk vir herstelwerk 6 maande na die hersteldatum verval. Hierdie beperkte waarborg is nie oordraagbaar nie.

7.2 Wat hierdie beperkte waarborg nie dek nie

Hierdie beperkte waarborg dek nie skade wat veroorsaak is deur normale slytasie of as gevolg van die Produk wat oopgemaak of herstel is deur iemand wat nie deur TomTom daartoe gemagtig is nie en dek ook nie skade wat veroorsaak is deur: misbruik, vog, vloeistof, die nabyheid of blootstelling aan hitte of ongelukke, nie-nakoming van die instruksies wat die Produk vergesel, verwaarlosing of wangebruik. Die beperkte waarborg dek ook nie fisiese skade aan die oppervlak van die Produk nie.

Verder dek hierdie beperkte waarborg nie enige Dienste, Programme, Gebruikersinhoud of derde party materiaal wat die Produk mag vergesel of op die Produk geinstalleer is, of deur u verkry is deur die Dienste, Programme of TomTom Webtuistes nie. Die beperkte waarborg dek nie die installasie, verwydering of instandhouding van die Produk of enige verwante koste nie.

TomTom verskaf nie enige kommersiële of ander waarborge ten opsigte van die Produkte bykomend tot die beperkte waarborg soos vervat in hierdie Bepalings en Voorwaardes nie. Hierdie beperkte waarborg is die enigste uitdruklike waarborg aan u en word aan u verskaf in die plek van enige ander uitdruklike waarborge of soortgelyke verpligtinge (indien enige) wat geskep is deur enige vorm van advertensie, dokumentasie, verpakking of enige ander tipe kommunikasie.

Die bepalings van hierdie klousule affekteer nie enige van u wetlike regte onder die toepaslike verpligte nasionale wetgewing nie, insluitend, maar nie beperk nie, tot u wetlike waarborg van ooreenstemming van goedere (indine enige).

7.3 Hoe om 'n waarborg-eis in te stel

Ten einde 'n eis onder die beperkte waarborg in te stel, moet u TomTom in kennis stel rondom die gebrek en die gebrek aan TomTom verduidelik deur TomTom binne die 2-jaar waarborgtydperk via http://www.tomtom.com/support te kontak, om 'n magtigingsnommer vir die terugstuur van u bestelling te verkry. Die Produkte moet so gou moontlik aan TomTom teruggestuur word nadat u bewus geword het van die defek, saam met 'n verduideliking van die defek en die magtigingsnommer aan u verskaf deur TomTom, na die adres wat op die pos-etiket verskyn wat u ontvang het toe u die magtigingsnommer vir die terugstuur van u bestelling gekry het. U moet voldoen aan enige ander terugversendingsprosedures soos bepaal deur TomTom, indien enige.

8 Beperkte waarborg met betrekking tot Dienste, Programme, Gebruikersinhoud en derde party materiaal.

TomTom mag afhanklik wees van derde partye vir die voorsiening van sommige Dienste (of dele daarvan), Programme en Gebruikersinhoud.

U MOET IN DIE BESONDER BEDAG WEES OP DIE FEIT DAT BEREKENINGSFOUTE MAG VOORKOM WANNEER SAGTEWARE IN 'N NAVIGASIESTELSEL GEBRUIK WORD WAT BYVOORBEELD DEUR PLAASLIKE OMGEWINGSTOESTANDE EN/OF ONVOLLEDIGE DATA VEROORSAAK IS.

Dienste, Programme, Gebruikersinhoud of enige derde party materiaal word “voetstoots” verskaf en sonder waarborge van enige aard.

Tot die volste mate toegelaat deur die wet, maak TomTom nie enige waarborge of voorstellings - uitdruklik of ge-impliseerd - met betrekking tot die aankoop (hetsy direk vanaf TomTom of vanaf ‘n herverkoper), toegang tot en gebruik van dienste, programme, gebruikersinhoud of enige derdeparty-materiaal, insluitende, maar nie beperk tot (i) korrektheid, foute en akkuraatheid (ii) toereikendheid, (iii) nut, bevredigende gehalte, en geskiktheid vir 'n spesifieke doel (iv) betroubaarheid, gebreke, werking en beskikbaarheid (v) geïmpliseerde waarborge van titel en nie-skending, (vi) sekuriteit, die risiko van onderskepping van inligting, virusse of enigiets anders skadelik, (vii) vakkundige moeite, ondersteuning, inligting of dienste, (viii) beledigend, dreigende, lasterlik, onwettig of andersins van verwerplik karakter.

Die bepalings van hierdie klousule affekteer nie enige van u wetlike regte onder die toepaslike verpligte nasionale wetgewing, insluitend maar nie beperk nie, tot enige verpligte statutêre waarborge. Indien enige deel van hierdie beperkte waarborg ongeldig of onafdwingbaar is, sal die res van die beperkte waarborg nietemin steeds in volle krag en effek onveranderd bly.

9 Beperking van aanspreeklikheid en vrywaring DEUR U

9.1 7) BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID:

Tot die maksimum mate toegelaat deur die toepaslike wet, sal nie TomTom of sy verskaffers, sy subkontrakteurs, sy affiliate, beamptes, direkteure, werknemers of agente aanspreeklik wees aan u of enige derde party vir enige skade nie: direkte, spesiale, toevallige, indirekte of gevolglike skade (insluitend, maar nie beperk nie tot skadevergoeding vir die onvermoë om die Produkte te gebruik of toegang daartoe te kry, verlies van data, verlies van besigheid, verlies van wins, besigheidsonderbreking of iets oortgelyk) wat voortspruit uit of verband hou met:

i. die gebruik van, die onvermoë om te gebruik of toegang te verkry, of andersins die werking van 'n Produk, Diens of Program, Gebruikersinhoud, Gebruikersdata of derde partymateriaal, selfs indien TomTom wel van die moontlikheid van sodanige skade in kennis gestel is; of
ii. u optrede of dié van ander gebruikers (hetsy aanlyn of aflyn) of bywoning van 'n TomTom-byeenkoms of enige Gebruikersinhoud, selfs indien TomTom wel van die moontlikheid van sodanige skade in kennis gestel is. U neem volle verantwoordelikheid vir u gebruik van die Dienste, Programme, Gebruikersinhoud en Gebruikersdata; of
iii. enige bedrieglike wanvoorstelling aan die kant van die gebruikers van Dienste, Programme en / of Gebruikersinhoud; of
iv. enige oortreding van hierdie Bepalings en Voorwaardes; of
v. enige wet of die regte van enige derde party.

Verder onderskryf TomTom nie enige Gebruikersinhoud of enige mening, aanbeveling of raad daarin vervat nie, en TomTom doen verder uitdruklik afstand van enige en alle aanspreeklikheid in verband met u toegang en gebruik van sodanige Gebruikersinhoud. TomTom tree bloot op as ‘n passiewe kanaal vir die verspreiding van Gebruikersinhoud en is onder geen verpligting of aanspreeklikheid met betrekking tot enige Gebruikersinhoud of aktiwiteite van gebruikers nie. Selfs in die geval waar TomTom kies om enige Gebruikersinhoud te monitor, aanvaar TomTom geen verantwoordelikheid vir, of enige verpligting om sodanige Gebruikersinhoud te monitor of te verwyder nie.

Indien TomTom egter teenoor u aanspreeklik gehou word vir enige skade of verlies wat op enige wyse verband hou met u gebruik van en/of toegang tot (of u onvermoë om te gebruik en/of toegang te verkry) ‘n Produk, Diens, Program, Gebruikersinhoud, Gebruikersdate en/of enige derde party materiaal , sal TomTom se aanspreeklikheid (i) in die geval van ‘n betaalde Produk, Diens of Program beperk wees tot die bedrag wat werklik deur u betaal is vir die Produk, Diens of pPogram ter sprake, en (ii) in die geval van ‘n gratis Diens, Program, Gebruikersinhoud of Gebruikersdata, beperk wees tot die bedrag van 350 Amerikaanse Dollar.

Nieteenstaande bogenoemde, of enigiets anders vervat in hierdie Bepalings en Voorwaardes, sal niks in hierdie Bepalings en Voorwaardes enige party se

aanspreeklikheid vir dood of persoonlike besering vooruitspruitend uit daardie party se nalatigheid beperk nie.

Toepaslike verpligte nasionale wetgewing mag moontlik nie die beperkings of uitsluitings van aanspreeklikheid, soos uiteengesit in hierdie Bepalings en Voorwaardes, toelaat nie. Die bogenoemde beperking van aanspreeklikheid raak nie u regte onder die toepaslike verpligte nasionale wetgewing nie. Vir meer inligting oor u regte onder die toepaslike verpligte nasionale wetgewing, kontak asseblief u nasionale verbruikersvereniging of die relevante nasionale owerheidsinstansie.

9.2 Vrywaring

U stem in om TomTom, sy affiliate, beamptes, direkteure, werknemers, agente, lisensiehouers en verskaffers, te vrywaar en te verdedig teen alle eise, verliese, laste, uitgawes, skade en koste, insluitend (maar sonder beperking) van prokureurskostes, vooruitspruitend uit, of wat verband hou met, u gebruik van en/of u optrede in verband met ‘n Produk, Diens, Program en/of u Gebruikersinhoud, en u optrede in verband met ander gebruikers, of enige oortreding van hierdie Bepalings en Voorwaardes, enige wet of the regte van enige derde party.

10 Derde Party Materiaal en derde party webtuistes

Produkte, Dienste en Programme mag gebruik maak van Derde Party Materiaal. Die gebruik van Derde Party Materiaal wat deel vorm van die Produkte, Dienste en Programme, mag onderhewig wees aan ander bepalings en voorwaardes. Die amptelike kopieregkennisgewings en spesifieke lisensievoorwaardes gekoppel aan hierdie Derde Party Materiaal kan gevind word op of deur ons webtuiste by http://www.tomtom.com/legal.

Hiermee stem u saam dat ons kan aanvaar dat die indiening van enige bestelling beteken dat u die bepalings en voorwaardes vir enige Derde Party Materiaal wat deel vorm van ‘n Produk, Diens of Program wat bestel is, indien enige, gelees en aanvaar het.

Waar TomTom enige skakels ("links") en/of toegang tot derde party webtuistes en/of derde party materiaal verskaf, is dit slegs ter wille van u gerief, en die insluiting van enige skakel of toegang, impliseer nie en mag nie aanvaar word as ‘n onderskrywing deur TomTom van die derde party webtuiste of Derde Party Materiaal nie. TomTom is nie verantwoordelik vir Derde Party Materiaal en die inhoud van enige derde party webtuistes, dienste of funksies, enige skakels ("links") op derde party webtuistes of dienste, of enige veranderinge of opdaterings aan derde party webtuistes of dienste nie.

11 Force Majeure

Force majeure beteken omstandighede wat inbreuk maak op die nakoming van TomTom se verpligtinge onder hierdie Bepalings en Voorwaardes , wat nie binne TomTom se redelike beheer is nie, insluitende laat of onvolledige aflewerings deur

TomTom, of tydelike of gedeeltelike onbeskikbaarheid van u Rekening, Dienste, Programme, Gebruikersinhoud en/of Gebruikersdata wat veroorsaak is deur omstandighede buite TomTom se beheer. In 'n force majeure-situasie sal al TomTom se verpligtinge opgeskort word. Indien die tydperk waarin TomTom nie sy verpligtinge kan nakom nie as gevolg van force majeure voortgaan vir langer as 90 kalenderdae, sal beide partye geregtig wees om die koopooreenkoms skriftelik te ontbind en TomTom sal geregtig wees om die ooreenkoms vir die Dienste of Programme te ontbind, sonder ‘n verpligting om hoegenaamd enige vergoeding wat voortspruit uit of verband hou met daardie ontbinding, te betaal.

12 Privaatheid

Ten einde die Produkte en Dienste aan u af te lewer, het TomTom nodig om persoonlike inligting van u te gebruik. TomTom voldoen aan die Europese Unie en ander plaaslike privaatheids- en data-beskermingswetgewing. Op grond hiervan sal TomTom u inligting selfs vir die doel en duur van die tydperk waarvoor dit aanvanklik verkry is, gebruik. U kan ons toepaslike privaatheidsverklaring sien op www.tomtom.com/privacy

13 Derde party regte

Derde partye het geen regte onder die toepaslike wetgewing om te vertrou op, of om enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes af te dwing nie, maar dit beïnvloed nie enige reg of remedie van ‘n derde party wat bestaan of beskikbaar is afgesien van sodanige toepaslike wetgewing nie.

14 Veranderinge

TomTom behou die reg voor om te enige tyd wysigings of byvoegings tot hierdie Bepalings en Voorwaardes te maak. U kan die nuutste weergawe op die TomTom Webtuistes kry. Besoek die TomTom-webtuistes asseblief gereeld.

15 Volledige ooreenkoms

Hierdie Bepalings en Voorwaardes (insluitend enige addendum of wysiging daartoe wat ingesluit is met die gepaardgaande pakket van 'n Produk), en enige ander bepalings en voorwaardes, indien van toepassing, vorm die volledige ooreenkoms tussen u en TomTom met betrekking tot die Produkte, insluitende die ondersteunende dienste (indien enige), Dienste, Programme, Gebruikersinhoud en / of Gebruikersdata en dit vervang alle vorige of gelyklopende mondelinge of skriftelike kommunikasie, voorstelle en vertoë met betrekking tot die sagteware of enige ander onderwerp gedek deur hierdie Bepalings en Voorwaardes. Tot die mate dat die bepalings van enige TomTom beleid of programme vir ondersteuningsdienste in konflik is met die bepalings van hierdie Bepalings en Voorwaardes, sal die bepalings van hierdie Bepalings en Voorwaardes geld. Indien enige bepaling van

hierdie Bepalings en Voorwaardes nietig, ongeldig, onafdwingbaar of onwettig, verklaar word, sal die ander bepalings in volle krag en effek van toepassing bly.

16 Oorlewing

Enige bepalings in hierdie Bepalings en Voorwaardes wat as gevolg van hul aard voortduur buite die beëindiging of verstryking van enige verkoopstransaksie of lisensie van u Rekening, Diens, Program en Gebruikerdata, sal van krag bly na die beëindiging van hierdie Bepalings en Voorwaardes.

Dit sluit in, maar is nie beperk nie, tot TomTom se lisensie om Gebruikersinhoud wat deur u genereer is, te gebruik, te laai, te verander, te versprei, te sub-lisensieer, omgekeerde ingenieurswese toe te pas, af te breek, uit mekaar te haal en te vertoon.

17 Skeiding

Indien enige bepaling van hierdie Bepalings en Voorwaardes nietig, ongeldig, onafdwingbaar of onwettig geag word, sal die ander bepalings in volle krag en effek van toepassing bly. In die geval van enige sodanige ongeldige bepalings, sal TomTom nuwe bepalings en voorwaardes bied in die plek van sodanige ongeldige bepalings. Hierdie nuwe bepalings en voorwaardes sal met betrekking tot die inhoud en effek, vertolk word so na as moontlik aan die oorspronklike teks, maar op sodanige manier dat regte wel afgelei kan word daarvan.

18 Wetgewing en bevoegde hof

Hierdie Bepalings en Voorwaardes en enige geskille met betrekking tot hierdie Bepalings en Voorwaardes of die aankoop en gebruik van die Produkte, Dienste, Programme, Gebruikersinhoud, Gebruikersdata of andersins, is onderhewig aan die Suid-Afrikaanse reg. Die Verenigde Nasies se Konvensie aangaande Kontrakte vir die Internasionale Verkoop van Goedere word hiermee uitgesluit as van toepassing op hierdie Bepalings en Voorwaardes.

Die Hooggeregshof van Suid-Afrika sal eksklusiewe jurisdiksie hê om enige geskil of eis te besleg wat voorspruit uit, of verband hou met, hierdie Bepalings en Voorwaardes (insluitende enige nie-kontraktuele dispute of eise).

19 Vertalings

Die Engelse weergawe van hierdie Bepalings en Voorwaardes is die heersende weergawe vir jou aankoop. Enige vertalings word slegs vir gerief voorsien.

20 Vrae en klagtes

Indien u enige vrae, voorstelle of klagtes het rondom u bestelling, u aankope, hierdie Bepalings en Voorwaardes, of indien u TomTom om enige rede wil kontak, doen dit asseblief per e-pos via http://www.tomtom.com/support. TomTom sal deeglik kennis neem van u e-pos en enige klagtes so gou moontlik verwerk. Ons sal u e-pos binne 1 week beantwoord.

21 Definisies

Rekening: u TomTom rekening geskep deur 'n platform of 'n program

Program: enige mobiele program wat deur TomTom ontwikkel is en deur 'n herverkoper aflaaibaar is

Ingeboude Toestel: enige produk wat in 'n voertuig ingebou is en deur 'n derde party aan u verkoop word

Platform: enige platforms wat deur TomTom aan u beskikbaar gestel word waardeur u in staat sal wees om dienste te ontvang Sodanige platforms sluit in, maar is nie beperk nie, tot:

- TomTom MyDrive
- TomTom Home
- MyTomTom
- TomTom MySports
- TomTom Besprekingsforum
- en enige ander aanlyn platforms

Produk: enige hardeware, items en bykomstighede, insluitend, maar nie beperk nie, tot:

- Alle navigasietoestelle (uitgesluit ingeboude toestelle)
- Sport-toestelle
- Meegaande items en bykomstighede

Herverkoper: enige aanlyn- of aflyn-herverkoper wat produkte, ingeboude toestelle, dienste en programme verkoop, insluitend, maar nie beperk nie tot derde party (voertuig) handelaars en derde party programwinkels.

Diens: enige betaalde of gratis diens wat elektronies deur TomTom verskaf word, hetsy op 'n inskrywingsbasis, deurlopende basis of enkelbasis, insluitend, maar nie beperk nie tot:

- kaarte (hetsy vooraf geinstalleer of afgelaai)
- sekerheidskamerainligting
- verkeersinligting
- punte van belangstelling

- weervoorspellinginligting
- brandstofprysinligting
- stemme
- TomTom Inhoud
- Platforms

Bepalings en voorwaardes: hierdie is die bepalings en voorwaardes van TomTom International BV, 'n privaat maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, met sy korporatiewe setel in Amsterdam, sy geregistreerde adres te De Ruijter 154 (1011 AC) Amsterdam, Nederland en geregistreer in die handelsregister van die Kamer van Koophandel in Nederland onder nommer 34076599, en hou die BTW-nommer NL 8007.65.679.B.01.

Derde Party Materiaal: inhoud, sagteware kodes, data, inligting, funksionaliteit, ander inhoud en algoritmes gelisensieer of andersins beskikbaar gestel deur enigiemand anders as TomTom.

TomTom Inhoud: alle inligting, teks, lêers, draaiboeke, grafika, foto's, klanke, musiek, video's, interaktiewe funksies, funksies of ander soortgelyke materiaal, beskikbaar gestel deur TomTom

TomTom Webtuistes : alle webtuistes wat deur TomTom beskibaar gestel is, wat vir u toeganklik is sonder vooraf registrasie of om op in te teken, insluitend, maar nie beperk nie, tot:

- www.tomtom.com
- www.routes.tomtom.com
- www.places.tomtom.com

Gebruikersinhoud: inhoud wat u en / of ander gebruikers plaas of andersins beskikbaar stel aan ander gebruikers op of deur die platforms of programme, soos kommunikasie, materiaal, inligting, data, menings, foto's, profiele, boodskappe, notas, webtuisteskakels, musiek, video's, ontwerpe, beelde, klanke, en enige ander inhoud, behalwe tot die mate dat die intellektuele goedereregte met betrekking tot die bogenoemde inhoud behoort aan TomTom of die bogenoemde inhoud andersins besit word deur TomTom, sy affiliate of lisensiehouers

Gebruikersdata: inhoud wat uoplaai na u Rekening of na Dienste, en wat slegs beskikbaar sal wees via u Rekening,soos materiaal, inligting, data, foto's, profiele, notas,webtuiste-skakels, musiek, video's, ontwerpe, beelde, klanke, en enige ander inhoud, behalwe tot die mate dat die intellektuele goedereregte met betrekking tot die bogenoemde inhoud behoort aan TomTom of die bogenoemde inhoud andersins besit word deur TomTom, sy affiliate of lisensiehouers